**Sondag 7 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 5:1-29 (1953-vertaling) | Fokusgedeelte: Johannes 5:24 |
|---|---|

## Jesus Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe!

Alle mense is in hulle ou sondige self dood deur die sonde en die oordeel wat dit bring. Die mens, ek en jy, kan geen uitkoms uit die oordeel van die sonde vir onsself bewerk nie. Daar is geen manier waarop ons vir ons eie sondes kan betaal nie. Dit moet die mens weet: In homself is hy verlore en het ’n verlosser nodig.

Christus kom en deur sy verlossingswerk baan Hy die weg vir nuwe lewe vir dooie mense, Hy self is die Weg. Hy gee Homself as die sondelose Lam wat geoffer word vir die sondes van die mens.

Vers 25 leer dat die dooies die stem van die Here sal hoor en sal lewe. Hierdie dooies is die sondige mens, wat deur sy sonde homself van God verwyder het. Dit sluit aan by wat Jesus pas in vers 24 vir sy mense geleer het: “Wie my Woord hoor en Hom glo wat my gestuur het, het die ewige lewe.” In die geloof in Jesus, wat God as ’n gawe deur sy Gees bewerk, kry die dooie mens ewige lewe op grond van wat Christus doen. Die teks leer wie die Woord van Jesus hoor en glo, word verlos.

Die Woord is die openbaring van God, daarin leer jy die Here ken en, gedryf deur die Gees wat ’n ware geloof in jou hart opwek, verloën die mens homself, die sondigheid en kleef Christus aan as die Weg na lewe. ’n Mens moet besef hierdie ware geloof is ’n totale oorgee en vashou aan Christus. Dit is nie net ’n paar veranderings nie, maar radikale transformasie.

Daarom is die appèl van hierdie teks ook dat ons met die Woord moet besig wees elke dag, elke oomblik sodat die Here deur sy Gees die gawe van die geloof in jou laat groei en jy, al hoe meer gedryf deur die Gees, afwyk van die mensepaaie en jou oorgee in die lewe in navolging van Christus wat die Weg na die ewige lewe is.

*Sing: Psalm 25-1:2, 4*

*Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)*